

Ek kan my lyfie net gebruik as ek my lyfie ken...

Rudine Ferreira

My seuntjie JJ is prematuur gebore. Ek het erge blaasontsteking gekry en hy is op 33 weke gebore en was vir 10 dae in die neonatale eenheid. Ek was (soos enige ander mamma van 'n prematuur baba) baie bekommerd oor sy ontwikkeling en miskien bietjie paranoïes ook.

Ek het opgemerk dat hy heeltyd met sy koppie oor sy regterskouer lê en kyk en dat hy regtig baie sukkel om sy koppie te draai. Ek het hom probeer help, maar dit was duidelik dat dit vir hom ongemaklik was as ek sy koppie probeer draai - miskien seer ook; sy nekspiertjies was baie styf. Sy ogies het nie mooi gefokus nie en wanneer ek hom op sy maag laat lê het, kon hy nie sy koppie van die vloer af opgetel het nie. Sy kopvorm was ook platter aan die eenkant omdat hy heeltyd aan daardie kant gelê het.

Ek het besluit om BabaGim[®] Instrukteur, Rudine Ferreira, te gaan sien en haar vir raad te vra. Sy het my aanbeveel om 'n paar oefeninge te doen soos om sy buitelyne te trek, sy koppie in my hand te laat rus en dan sy nek van kant tot kant te draai en ook sy skouerspiere te masseer. Ek moes ook aan sy linkerkant sit wanneer ek met hom speel en hom in my regterarm vashou wanneer ek hom voed.

Na ons gesprek het Rudine vir my 'n lysie BabaGim oefeninge gegee wat ek tuis met JJ kon doen, ek het kort daarna ook besluit om hom vir die BabaGim 2 Ferm Grondslag program in te skryf. Ek is nie vir 'n dag spyt dat ek daardie besluit geneem het nie!

Ons het geleer om hom baie volledig te masseer (sy nek spiertjies inkluis) en Rudine het verduidelik dat die massering 'n liggaamskaart van sy lyfie in die brein skep. Omdat hy nie baie bewus van sy linkerkant was nie moes ons veral aan sy linkerkant aandag gee. Kortvoorkant het sy hele lyfie begin lewe kry. Van die veranderinge sluit in: hy het sy linkerarmpie en beentjie meer begin beweeg; hy het sy nekkie elke dag self bietjie verder begin draai en nou draai hy al self sy koppie ewe vêr na albei kante toe; sy oë het begin fokus en hy het begin om voorwerpe met sy ogies te volg; hy is nou 'n verskriklike nuuskierige baba en so bang hy mis iets; aan die begin was "Tummy Time" 'n nagmerrie, maar hy het so mooi versterk dat dit nou 'n "breeze" is. Ek sien daagliks nog hoe hy vorder en ontwikkel.

Met elke klassie het ek geleer en besef hoe belangrik die kleinste en eenvoudigste oefeninge vir sy klein lyfie en breintjie is. Die BabaGim oefeninge lyk vir ons as ouers eenvoudig, maar dit het 'n enorme impak op ons baba se lewe gemaak. Dankie vir jou Rudine en dankie vir dit wat julle as BabaGim Instrukteurs vir ons kindertjies doen.

